

# Dag 19: Uit die duisternis Lig

## Dag 19: Uit die duisternis lig

Die Billy Graham Center for Evangelism het 'n aantal leraars gekry om vir 25-dae stukkie te skryf vir Advent. Ons gaan oor die volgende 25 dae elke dag een van hierdie stukkie plaas.

[Advent word gewoonlik toegepas op die vier weke voor Kersfees. Latyn: *ad* – na + *venire* – kom. Dit dui dus op die naderende koms van Christus – sy eerste en tweede koms.]

Ons leef in 'n wêreld waar die groen van die lente en somer moet plek maak vir die helder kleure van herfs. Herfs moet op sy beurt weer plek maak vir die slaap van die winter totdat lente weer kom. Tydens die koue, lang nagte verlang ons na die wonderlike dae van die somer wat ons in warmte toevou en lewe laat uitspruit. In die seisoene van donkerte lei enige lig tot nederige dankbaarheid, want dit herinner ons aan die krag van die kleinste ligstraaltjie het om die duisternis te breek.

Jesaja 9 praat van 'n tyd toe God se mense na so 'n ligstraal verlang het – 'n klein bietjie hoop wat in hulle lewens van wanhoop sou inbreek. God se mense het nie 'n toekoms vol hoop gesien nie; hulle kon nie lewe en bly wees nie – hulle sit in ballingskap. Maar daar sou 'n dag kom wanneer die Lig van die wêreld, die ewige Woord, gebore word. In Johannes 8:12 verklaar Jesus: *Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee.* Wonderlike nuus vir 'n wêreld wat juis lig nodig het.

Jesus kom as mens om ons van sonde te verlos en 'n lig te wees op ons pad na die ewige lewe. Inderdaad 'n seisoen om ons oor te verheug.

*Die volk wat in donkerte geleef het, het 'n groot lig gesien, oor dié wat in die donker land was, het 'n lig geskyn (Jesaja 9:1).*